

Wetenskaplike bydraes
Reeks H: Intreerede nr. 248

***REGEERKUNDE IN 'N ONTWIKKELINGSTAAT:
'N RELEVANSIEDISKOERS***

Prof G Van der Waldt

It all starts here



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 248**

**REGEERKUNDE IN 'N ONTWIKKELINGSTAAT:
'N RELEVANSIEDISKOERS**

Prof G Van der Waldt

Intreerede gehou op 15 Augustus 2012

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.
The University is not held responsible for opinions expressed in this publication.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:
Enquiries regarding Scientific Contributions (Wetenskaplike Bydraes) can be directed to:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

*Campus Registrar
North-West University
Potchefstroom Campus
Private bag X6001
POTCHEFSTROOM
2520*

Kopiereg © 2012 NWU

ISBN 978-1-86822-622-1

REGEERKUNDE IN 'N ONTWIKKELINGSTAAT: 'N RELEVANSIEDISKOERS*

GERRIT VAN DER WALDT
NAVORSINGSPROFESSOR: REGEERKUNDE
* Intreerede gelewer op 15 Augustus 2012

OPSOMMING

Die konsep 'regering' (governance) kan beskou word as die totaliteit van interaksies, waarin openbare sowel as private akteurs deelneem, wat daarop gemik is om samelewingsproblematiek aan te spreek sowel as om sosio-ekonomiese geleenthede te skep. Regeerkunde, as die studieveld wat gefokus is op die bestudering van regering, behoort op die komplekse interaksie tussen stelsels te fokus. Tipiese stelsels wat met regeerkunde as aktiwiteit gepaard gaan sluit in die regeringstelsel, wat die regulatoriese, administratiewe en organisatoriese funksionering van die staat rig; die sosiale stelsel, wat die interaksie van menslike aktiwiteite binne 'n samelewing rig; die politieke stelsel, wat op die dinamika tussen groeperinge binne 'n samelewing dui ten einde beheer oor die staat te oefen; en die ekonomiese stelsel, wat op die interafhanklikheid van menslike aktiwiteite dui ten einde die akkumulering, produksie en verspreiding van welvaart binne 'n nasiestaat te rig.

Weens die onlangse evolusionêre aard van die verskynsel 'Regeerkunde' internasionaal beskik dit tans nie oor 'n erkende korpus van kennis nie en word dit gekenmerk deur 'n amorfe samestelling van teorieë, modelle en paradigmas van aanverwante dissiplines soos Publieke Administrasie en Politieke Wetenskap. Die doel van hierdie artikel is, eerstens, om die kennisdomein van Regeerkunde te konstrueer, en tweedens, om die relevansie van die bestudering daarvan binne die konteks van 'n ontwikkelingsstaat te verrek.

INLEIDING

Elton Mayo (1933) beskou in sy werk, *The Human Problems of an Industrial Civilisation*, die vraagstukke wat 'n moderne samelewing te weeg gebring het, en in opvolg vra Robert Lynd (1939) *Knowledge for What?* Wat is die doel of relevansie van kennis? Hoe kan kennis aangewend word om samelewingsproblematiek, wat deur hierdie 'industrial civilisation' te weeg gebring is, aan te spreek? Watter relevansie het kennisverkryging vir die individu, vir 'n gemeenskap en uiteindelik vir 'n samelewing?

Hierdie artikel het ten doel om die diskoers rakende die *Knowledge for What?*-vraag verder te voer vanuit 'n Regeerkundige invalshoek en dit vanuit die konteks van 'n ontwikkelingsstaat in Suid-Afrika. Met die onlangse vestiging van die Sentrum vir Regeerkunde (*Center for Governance*) in die Fokusarea: Sosiale Transformasie aan die Noordwes Universiteit (NWU), kan die vraag afgevra word wat die aard en omvang van die fenomeen 'regering' is wat die Sentrum moet beskou? Hoe behoort kennis gekonstrueer te word en waarop behoort gefokus te word? Watter universele en spesifieke kennis bestaan reeds en wat is die aard van die moontlike invalshoeke en paradigmas van waaruit die fenomeen beskou kan word? Voorts, watter relevansie hou die bestudering van Regeerkunde vir die student, die universiteit, en die samelewing in die algemeen in?

Uit die titel van die artikel is drie konstruksies afleibaar, te wete: 'regeerkunde', 'ontwikkelingsstaat' en 'relevansie'. Elkeen van hierdie konstruksies verteenwoordig komplekse fenomene wat diepgaande teoretiese analyses regverdig. Ten einde struktuur aan hierdie diskoers te verleen gaan die kompleksiteite verbode aan Regeerkunde eerstens toegelig word. Tweedens, word die idee van 'n ontwikkelingsstaat gekonseptualiseer, waarna, laastens, 'n

sinergie tussen Regeerkunde en 'n ontwikkelingstaat gemaak word en die relevansie daarvan vir die student, die universiteit, die staat, en die samelewing beskou word. Laasgenoemde raak aan die wese van 'n universiteit - die relevansie van sy programme en kwalifikasies en kan die diskoers nie volledig gerig word indien die teorie/praktyktweeledigheid nie onder die loep geneem word nie. Die vraag is of die aard en inhoud van die dissipline voornemende en huidige openbare bestuurders genoegsaam toerus vir die kompleksiteite wat met 'n ontwikkelingstaat in die algemeen en dienslewingsverbetering in die besonder gepaard gaan en of die dissipline voerpuntnavorsing onderneem om die staat in staat te stel om sy ontwikkelings-, welvaartskeppings-, en grondwetlike mandaat na te kom. Laastens word enkele opmerkings gemaak oor Regeerkunde soos wat by NWU toegepas word.

REGEERKUNDE: KLASSIEKE DENKE

Die bestudering van die administrasie van 'n staat (Griekse *polis*) het 'n ryk geskiedenis en kan die oorsprong daarvan in Europa sedert 350BC terugherlei word met die werke van Plato se *Republic*, *Statemen* en *Law*, en Arisotles se *Politics*. Hierdie werke het die fondasie van 'goeie' of die 'ideale' regering gelê (Heywood 2002). Hierdie filosowe het egter nie die inhoud of funksionering van 'regering' uiteengesit nie. In China word daar in 124BC tydens die Xia Dinastie by die *Imperial College* 'n vorm van staatsadministrasie as studieveld aangebied (Simcox 2010:118) en in 2BC het daar 'n staatsdiens in China met meer as 15 000 amptenare bestaan wat in die 'wetenskap' van administrasie opgelei was (Holzer & Zhang 2002:6). In die Romeinse bestel kan klassieke teorieë oor regering verder terugherlei word na Cicero se *Rule of Law* (1000BC) en Dante se *worthy government*-idees in 1321. Machiavelli se *Mechanics of Government* (1513) en John Locke en Thomas Hobbes se werke lei tot die wetenskap van politiek. Montesque se *Trias Politica*-beginsels wat in 1721 in die Britse grondwet vervat is, lei tot 'n duideliker afbakening van die wetgewende, regsprekende en uitvoerende gesag (administrasie) van 'n regering. Ook Jean Jacque Rossouw se *Social Contract* was rigtinggewend om die 'kontrak' tussen regering en gemeenskap te rig. Hierdie politieke denke is uiteindelik in die *Montevideo Convention on Rights and Duties of States* (1933), wat staatsreg tans begrens, vervat.

Figuur 1 beskou van die hoofmomente in politieke denke rakende die rol van die regering in 'n nasiestaat sedert die filosofie van Socrates, Plato en Aristoteles. Wat belangrik is om op te let is dat die klassieke denke nie deur meer moderne sienswyses vervang is nie, maar dat hedendaagse denke bloot daarop voortbou.




Fig.1 Denke rakende Regeerkunde: Vanaf klassiek na die hedendaagse

Die relevansie van bogenoemde historiese perspektief is geleë in die insig oor die invloed wat klassieke teorieë, strukture en stelsels van staatsadministrasie op hedendaagse denke oor die studieveld Regeerkunde het.

REGEERKUNDE: KONSEP EN PERSPEKTIEWE

Die vertaling van die konsepte *Governance* en *governing* in Afrikaans is problematies. *Governance* word dikwels as 'Regeringsbestuur' vertaal, maar vanweë die bepaalde konnotasies wat aan bestuur ('managerialism') gekoppel word, is hierdie vertaling te eng. *Governance* word as 'Regeerkunde' vir doeleindes van hierdie artikel vertaal. Die '-kunde' agtervoegsel dui op die bestudering daarvan (strewe na wetenskaplikheid) sowel as die 'kundigheid' wat daardeur opgebou kan word. Ook vir doeleindes van hierdie artikel word die verskynsel wat Regeerkunde as studieveld bestudeer, naamlik *governing* as 'regering' vertaal. 'Regering' verwys na die handeling of aksies van 'n netwerk van rolspelers en belangegroep, insluitende die regering as staatsinstelling, om bepaalde samelewingsproblematiek deur ondermeer beleidsintervensies aan te spreek. Regeerkunde verwys dus na die kennis wat deur die bestudering van regering ('governing') as studieterrrein gegeneer word. In kort:

- Regering ('Government'): verwys na die instellings van die regering van die dag as beleidmakingsliggaam in 'n samelewing.
- Regeerkunde as fenomeen, aktiwiteit of handeling ('governance'): verwys na die interaksie tussen regeringsinstellings en die samelewing in 'n interafhanklike netwerk van rolspelers.
- Regeerkunde as studieveld ('Public Governance'): verwys na 'n huidige paradigma waarin die dissipline Publieke Administrasie dit tans internasionaal bevind.

Die konsep 'regering' is afgelei van 'n Griekse woord wat 'om te rig' (*to steer*) beteken. In sy eenvoudigste vorm dui regeerkunde op die prosesse van besluitneming sowel as die prosesse waardeur besluite geïmplementeer word.

Regeerkunde kan vanuit 'n wye verskeidenheid kontekste beoordeel en aangewend word, soos byvoorbeeld korporatiewe regering (wat op bestuurspraktyke binne die privaatsektor dui), internasionale regering ('n bepaalde geopolitieke perspektief), nasionale regering, omgewingsregering, en plaaslike regering. Aangesien regeerkunde op die prosesse van besluitneming (insluitend mag en gesag) sinspeel, behoort Regeerkunde op die formele en informele rolspelers in die prosesse te fokus. Osborne en Gaebler (1992:34) stel dit daar minder aandrag op regering as instelling is vir dienslewering, maar groter klem op regeerkunde geplaas word – om die samelewing na gemeenskaplike doelwitte 'te stuur'. Hughes (2003:76) artikuleer 'n duidelike onderskeid tussen *government* en *governance*. Hy stel dit dat regering (*government*) na die instellings van regering verwys, teenoor regeerkunde (*governance*) wat 'n veel breër konsep is om vorme van regering in te sluit. Henry (2010:38) op sy beurt sluit hierby aan en som die verskil tussen regering en regeerkunde as volg op: *We are moving away from government, or the control over citizens and the delivery of public benefits by institutions of the state, and we are moving towards governance, or configuration of laws, policies or organisations, institutions, cooperative arrangements, and agreements that control citizens and deliver public benefits. Government is institutional; and yet governance is institutional and networked.*

Kettl (2000) en Kooiman (2006) bied 'n operasionele definisie vir regering en stel dit dat 'regering' beskou kan word as die totaliteit van interaksies, waarin openbare sowel as private akteurs deelneem, wat daarop gemik is om die oplossing van die samelewingsproblematiek sowel as om sosio-ekonomiese geleenthede te skep.

Regeerkunde behoort op die komplekse interaksie tussen stelsels te fokus (Lynn *et al.* 2001). Volgens Jong Jun (1996:30) is die volgende stelsels identifiseerbaar:

- 'n Regeringstelsel, wat die regulatoriese, administratiewe en organisatoriese funksionering van die staat rig;
- 'n Sosiale stelsel, wat die interaksie van menslike aktiwiteite binne 'n samelewing rig;
- 'n Politieke stelsel, wat op die dinamika tussen groeperinge binne 'n samelewing dui ten einde beheer oor die staat te oefen; en
- 'n Ekonomiese stelsel, wat op die interafhanklikheid van menslike aktiwiteite dui ten einde die akkumulاسie, produksie en verspreiding van welvaart binne 'n nasiestaat te rig.

In lyn met stelseldenke, stel Frederickson (1997) en Bana en Basheka (2011) voor dat politieke regeerkunde (*governance*) 'n breër perspektief verleen en dat dit eintlik allesomvattend is, aangesien politieke besluite uiteindelik die ekonomiese beleid, omgewingsbeleid, plaaslike regering, projekte en andere raak. Hierdie bydrae is belangrik gegewe die doelwit van hierdie artikel, naamlik om die kennisveld van Regeerkunde te konstrueer.

In figuur 2 word verskillende modelle van regering deur Goldsmith en Eggers (2004) voorgehou. Die outeurs plaas regeerkunde op 'n matriks vanaf lae tot hoë openbare-privaatsektor vennootskappe en lae en hoë mate van netwerkvorming. Indien 'n regering dus byvoorbeeld hoë netwerkvermoëns het, en in 'n beduidende mate vennootskappe met die privaatsektor sluit, sal die regering meer 'netwerkend' van aard wees.




Fig. 2 Modelle van Regering

Bron: Goldsmith en Eggers (2004)

Die aanspreeklikheids- en verantwoordingsdoeningsprobleem verbonde aan netwerkregering word allerweë as die mees uitdagende probleem gestel (McLaughlin, Osborne & Ferlie 2002; Perri, Seltzer & Stoker 2002; Peters & Pierre 2004). Wanneer gesag en verantwoordelikheid binne 'n die netwerk versnipperd is, is dit uiters moeilik om aan 'n bepaalde akteur binne die netwerk die verantwoordelikheid daarvoor toe te dig wanneer iets verkeerd loop. Nou-verbandhoudend met hierdie probleem is die gesag van die regering van die staat. Hoe kan die regering byvoorbeeld beheer en gesag afstaan en nog steeds verantwoordelik gehou word vir dienslewingsresultate? Hoe balanseer netwerkbestuurders die behoefte aan aanspreeklikheid teenoor die voordele verbonde aan groter buigsamheid? Netwerkvennote, wat aan indringende prestasie- en finansiële oudits onderworpe is, is geneig om 'n aversie vir risiko's te ontwikkel en in die proses word innovasie en vertroue nadelig geraak. 'n Verdere uitdaging verbonde aan netwerkregering is dat tradisionele aanspreeklikheidsmeganismes, wat staatmaak op die proses van standaardisering, bots met die doel van die netwerk, naamlik om 'n gedesentraliseerde, buigbare, geïndividualiseerde, en kreatiewe response op samelewingsprobleme te verskaf (Miller & Dunn 2006).

Kamarack en Nye (2002) op hul beurt lewer 'n waardevolle bydrae (fig. 3) om die verskillende akteurs binne 'n netwerkregeringsofset op verskillende vlakke te identifiseer.




Fig. 3 Netwerkvorming tussen verskillende akteurs op verskillende vlakke

Bron: Kamarack en Nye (2002)

Die voorstelling toon dat regering meer verspreid voorkom tussen internasionale, nasionale, provinsiale en plaaslike rolspelers binne die privaatsektor, openbare sektor en die sogenaamde 'derde sektor'. Hierdie realiteite behoort ingesluit te word in die kennisdomein van Regeerkunde.

Vervolgens word die globale strewe na goeie regering toegelig. Hierdie strewe is belangrik ter insluiting van universele beginsels van 'goeie' regering in die studieveld.

DIE STREWE NA GOEIE REGERING

Daar is wêreldwyd 'n verskuiwing in regeringsbestuur waarneembaar. Ontevredenheid en ontnugtering oor die gebrek aan politieke oplossings is aan die orde van die dag en vanweë sosiale transformasie en tegnologiese vooruitgang word die waardes wat tradisioneel aan regerings gekoppel was, uitgedaag (*sien* Coston 1998; Haque 2004; Dixon & Dogan 2005). Verskuiwings sluit onder meer groter innoverendheid in dienslewering en 'n ondernemende, entrepreneuriese ingesteldheid in. Fokus verskuif voorts na die kwaliteit en prestasie van regeringsbestuur en word eerder op uitkomst (resultate) as insette gefokus. Dit gee aanleiding tot die vestiging van die sogenaamde '*audit society*', waar burgers die regering aanspreeklik en verantwoordelik hou vir hul aksies - of die gebrek daaraan. Hierdie verskuiwing het ondermeer 'n uitkomsgebaseerde en resultaatgebaseerde klem in regerings teweeg gebring wat met 'n groter aandrang op die toepassing van universele beginsels van 'goeie' regering plaas. Inisiatiewe in die verband sluit onder meer die Wêreldbank se *Good Governance* programme in en op die Afrika-kontinent inisiatiewe soos die *Afrobarometer*, die *Mo Ibrahim Foundation for Good Governance*, die NEPAD-subprogram vir *Good Governance* sowel as *Peer Review-meganismes* wat vir hierdie doel geskep is. Vanuit die dissipline Publieke Administrasie, staan hierdie verskuiwing as die *New Public Management* (NPM) paradigma bekend (Frederickson 1997).

Volgens Stoop en Grabe (1993:24) word die meting van goeie regering kompliseer deur die feit dat 'n wye verskeidenheid veranderlikes daarop inwerk soos byvoorbeeld die omgewing of konteks waarin regerings funksioneer. Plumptre (1991:30) dui ook op die beskikbaarheid en aanwending van hulpbronne, die bevoegdheid van openbare bestuurders sowel as die kwaliteit van politieke besluitneming wat die meting van die prestasie van regerings beïnvloed. Voorts is dit kompleks om die uitkoms (kort-, medium- en langtermyn) sowel as die impak van beleid op die samelewing te bepaal. Beleidsdoelwitte is ook gewoonlik vaag geformuleer en word doelpale konstant verskuif vanweë politieke dinamika. Hierdie realiteite veroorsaak dat daar nie 'n universele formule of tegniek is om die mate van 'goedheid' van 'n regering te meet nie.

Die realiteit is dat burgers van 'n land tipies nie geïnteresseerd is in die kompleksiteit verbonde aan prestasie-meting binne die openbare sektor nie, maar slegs gefokus is op die kwaliteit en kwantiteit van dienste wat hul ontvang (Bratton & Van de Walle 1992; Hyden 2000). Hul is meestal onbewus van die beleidsraamwerke, sosio-ekonomiese ontwikkelings, politieke prioriteite en druk wat deur belangegroep uitgeoefen word.

Alhoewel daar nie universele formules vir die meting van goeie regering bestaan nie, bestaan daar wel beduidende konsensus dat goeie regering veral aan die volgende kenmerke behoort te voldoen, te wete:

- Openbare deelname beleidsbesluitneming as bakermat van 'n gesonde demokrasie;

- Oppergesag van die reg en die onpartydige toepassing daarvan deur die regsprekende gesag en polisdienste ten einde menseregte te beskerm;
- Deursigtigheid in besluitneming en beskikbaarheid van inligting;
- Responsiwiteit van staatsinstellings om aan burgers se behoeftes te voldoen;
- Konsensusgeoriënteerdheid om belangegroep se konflikterende behoeftes te versoen;
- Gelykberegtiging en inklusiwiteit;
- Doeltreffendheid en effektiwiteit in die aanwending van skaars hulpbronne; en
- Verantwoordbaarheid en aanspreeklikheid vir die lewering van dienste.

Vir die Wêreld Bank bestaan goeie regering uit 'n staatsdiens wat effektief is, 'n regbank wat betroubaar is, en 'n staatsadministrasie wat verantwoordelik is in die aanwending van hulpbronne deur veral finansiële en menslike hulpbronnbestuur (World Bank 1992). Hierdie Bank het voorts vier basiese elemente van goeie regering definieer, naamlik (i) verantwoordbaarheid, (ii) openbare deelname, (iii) voorspelbaarheid, en (iv) deursigtigheid. Ook die beginsels wat die *African Public Service Charter* (2001) daargestel het, wend 'n poging aan om goeie regering op die Afrika-kontinent te vestig. Hierdie beginsels sluit ondermeer in:

- Gelyke behandeling en optrede ongeag ras, geslag, etniese groepering, politieke oortuigings en geloof;
- 'n Neutrale staatsdiens wat na die belange van alle burgers omsien;
- Gelyheid voor die reg; en
- Kontinuiteit van dienslewering.

Bogenoemde toon die kompleksiteit verbonde aan die prestasie-meting van goeie regering en dat weinig lande naastenby aan almal kan voldoen. Suid-Afrika word tans byvoorbeeld deur die *Ibrahim Index* as vyfde op Afrika-kontinent gelys, sover dit goeie regering aangaan.

Dit sluit 'n bondige oorsig van die konsep Regeerkunde en die strewe na die 'goedheid' daarvan af. Vervolgens verskuif die fokus na die toepassing daarvan binne die konteks van 'n ontwikkelingsstaat.

REGEERKUNDE IN 'N ONTWIKKELINGSTAAT: DIE SUID-AFRIKAANSE REALITEIT

In sy *Essay on Man*, stel die 18de eeuse skrywer Alexander Pope die volgende: '*...for forms of government let fools contest; What'er is best administer'd is best*'. Ook die Engelse filosoof John Locke was van mening dat '*...that government is best which governs least*'. Hierdie doktrines is deel van die sogenaamde *laissez-faire* ideologie, wat Adam Smith in 1776 in sy invloedryke werk *The Wealth of Nations* bekend gestel het. Die idee van *laissez-faire* kom daarop neer dat regerings nie in die delikate balans in die natuurlike ekonomiese bestel van 'n land behoort in te meng nie. Hiervolgens is die beste ekonomiese beleid wat regerings kan volg, volgens Smith, om die ekonomie geheel en al in vrede te laat (Ranney 1971:94). Teenoor die *laissez-faire* benadering, staan die welsynstaat – 'n staat wat welvaart herverdeel ten einde groter voordeel (opvoeding, mediese sorg, ens.) aan diegene wat dit nie kan bekostig nie, te verskaf. Die welsynstaat verteenwoordig 'n middelposisie op 'n kontinuum met sosialisme aan die linker ekstreme posisie en *laissez-faire* (neo-liberalisme) aan die regter ekstreme pool van die kontinuum (Ranney 1971:99).

Belangstelling in die idee van 'n ontwikkelingsstaat het veral posgevat na die fenominale ekonomiese opbloei van Hong Kong, Singapore, Suid-Korea en Taiwan, die sogenaamde *Four Asian Tigers* (Leftwich, 2007:3). Veral gelyke geleentheid, onpartydigheid en regverdigheid blyk die sosiale waardes te wees wat as dryfvere agter die ontwikkelingsteorie van die *Asian Tigers* gestaan het (Fogel 2004:220). In noue opvolging (1980 tot 2009), was die vier Suid-Oos Asiatiese lande, naamlik Indonesia, Maleisië, die Filippyne en Thailand – bekend as die *Tiger Cub*

Economies (Leftwich, 2007:4). Hierdie ekonomieë is gekenmerk deur sterk uitvoergedrewe ekonomieë. Die paradigmatische ontwikkeling is reeds noukeurig gedokumenteer, byvoorbeeld Levi Faur se 1998 studie oor Israel, Suid-Korea en Taiwan; MITI (Ministry of International Trade and Industry) se ondersoek na die sogenaamde *Japanese Miracle*; Low (2004) se konseptualisering van ontwikkelingstate; en Leftwich (2007) se navorsing oor *States of Development*, om slegs enkele te noem.

Literatuur toon die vloeibaarheid van die kernelemente en groei van 'n ontwikkelingstaat (Evans, 2009:7; Edigheji 2009:61). Dit toon ook dat ontwikkelingstate uniek gekonstrueer word om spesifieke ontwikkelingsdoelwitte in 'n spesifieke regeringskonteks te bereik. Daar is dus nie een enkele model wat konsekwent op elke ontwikkelingstaat van toepassing is nie, maar word na aanleiding van die bepaalde historiese konteks, demografie, ideologie, staatsvorm, en ander sosio-ekonomiese realiteite van 'n land saamgestel (Evans 2009:7). Mkandawire (2001:2) toon dat die ontwikkelingstaat twee vlakke het: die eerste vlak verteenwoordig 'n waardestelsel en die tweede, die organisatoriese reëlings om uiting daaraan te gee. Hy argumenteer voorts dat die waardestelsel van 'n ontwikkelingstaat begrond is, in wat Vasoo en Lee (2001:1) *developmentalism* noem. Hierdie ontwikkelingsbenadering ondersteun 'n ontwikkelingsagenda van die staat met ekonomiese groei as primêre doelwit. Castells (1992:55) ondersteun hierdie perspektief deur op die verband tussen ekonomiese groei en sosiale ontwikkeling te wys. Die tweede vlak, aldus Mkandawire (2001:2), behels die organisering van die implementering van sosio-ekonomiese beleid.

In terme van Wêreld-Stelselteorie (*World Systems Theory*) word daar veral op geo-politieke en ekonomiese kragte binne die dinamiese verhoudinge tussen lande gekonsentreer. Wêreld-Stelselteorie beskou onder meer die ontwikkelende ekonomieë, handelsbetrekkings en die kunsmatige manipulerings van afhanklikheidsvorming tussen ontwikkelde en ontwikkelende ekonomieë. Ranney (1971:vii) in die verband het veral die rol van die VSA binne die wêreld ekonomie bestudeer en op die 'arrogansie' daarvan gewys deurdat die VSA na ontwikkelende lande as nasies '*...in the process of becoming more like us*', verwys. Mitchell (2010) toon hoe die BRIC-lande (nou *BRICS* met die insluiting van Suid-Afrika), as ontwikkelende ekonomieë 'n toenemende belangrike rol in die wêreld ekonomie begin speel. Volgens Leftwich (2007:171) is Suid-Afrika, saam met lande soos Chilè, Mauritius, en Botswana, deel van die sogenaamde '*third wave developmental states*' wat hul stempel toenemend begin afdruk.

Kragte soos globalisering, tegnologiese ontwikkeling en innovering dra by tot die soeke na 'beter' regeermodelle. Oplossings word gesoek vir die sogenaamde '*boom-and-bust cycles*' in kapitalisme. Hoe kan burgers beskerm word teen globale kragte; tot welke mate behoort die staat in te meng (sogenaamde 'interventionism') in die ekonomiese bestel? Die argument is dat die regering die leier is en die toon moet aangee (*sien* Ouwaseji 2009:214). Behoort die staat meer te reguleer of moet die staat vryer markte bewerkstellig? Die realiteit is egter 'n oënskynlike wêreldwye onvermoë van die staat om samelewingskragte effektief te bestuur.

Volgens Kondlo en Maserumule (2010:22) is die ontwikkelingsagenda deur die voormalige President, Mnr Thabo Mbeki en voormalige Minister van Finansies, Mnr Trevor Manuel, in 2004 aan Suid-Afrika bekendgestel. Hierdie ontwikkelingsagenda vind sterk neerslag in die *Millennium Development Goals* sowel as *Vision 2030* van die Nasionale Beplanningskommissie. Die spesifieke ekonomiese en sosio-politieke bestel van Suid-Afrika word gekenmerk deur wat Mbeki (2004:3) 'n '*...developmental state with a two tiered economy*' noem. Meer onlangse beleidsverklarings deur die Regering van Suid-Afrika en verskeie beplanningsdokumente soos *Visie 2030* van die Nasionale Beplanningskommissie, en die *Strategy & Tactics* dokument van die ANC, toon 'n klemverskuiwing in die siening oor die rol van die staat in die samelewing in die algemeen en die ekonomie in besonder.

In die Staatsrede van Feb 2012 het die Regering sy bereidheid benadruk om kapitaalmarkmislukkings reg te stel deur middel van infrastruktuurontwikkeling. Volgens die Minister van Openbare Ondernemings, Mnr Gigaba, is die idee van 'n ontwikkelingstaat nie noodwendig *free enterprise* nie, maar eerder *safe enterprise* - 'n verskansing van die burgers van 'n land teen die ekonomiese kragte van die vryemarkstelsel en globalisering. Minister Gigaba argumenteer dat die ontwikkelingstaat die staat in staat stel om strategiese sektore in die ekonomie te bestuur en om hulpbronne aan meer produktiewe sektore te allokere. Staatskorporasies word as as een van die hoofvoertuie beskou om nasionale doelwitte te bereik. Provinsiale en plaaslike regering word voorts aangemoedig om tegniese kapasiteit wat met infrastruktuurontwikkeling gepaard gaan te ontwikkel om sodoende plaaslike ekonomiese groei te stimuleer. Die ontwikkelingstaat word voorts gesien as 'n voertuig om die ekonomiese bestel in Suid-Afrika te hervorm vanaf die oorafhanklikheid van minerale na 'n meer gediversifiseerd-dinamiese ekonomie.

Die presiese invalshoek en begrensing van die ontwikkelingstaat in Suid-Afrika is tans onderhewig aan intense debatvoering en word gekenmerk deur sterk ideologiese heterogeniteit. Die debat is direk afleibaar van die Nasionaal-Demokratiese Rewolusie (NDR) van die ANC en die sogenaamde tweede fase van bevryding (*'Second phase of transition'*). Die eerste fase was gekenmerk deur die verkryging van politieke mag, en die tweede deur sosio-ekonomiese 'bevryding'. Daar is tans veral drie groeperinge binne die *tri-partite* alliansie sigbaar, te wete 'n nasionalisties-Afrikanistiese faksie, 'n sosialistiese groepering, en 'n kapitalistiese groepering en heers daar intense spanninge tussen hulle. Joel Nestshitenzhe (20 Junie 2012) verwys hierna as die *'...competing identities of the National Liberation Movement'*. Met die beduidende groei in 'n swart middelklas van 10% van die bevolking voor 1994 tot 20% in 2011 (Van Southall 2004 en Visagie & Posel 2011 *In ANC Today 2012*), tenderpreneurs, die sakesektor en die bekleding van topposte binne die openbare sektor, dreig 'n skeuring tussen kompeterende belange en ideologieë. Lyne wat in die sand getrek is, het ook duidelik geword met die gesprek rondom die ANC-gespreksdokument *'The Second Transition: Building a national democratic society and the balance of forces in 2012'* - 'n dokument waarna Adjunk-President Motlanthe as *'smatterings of Marxistiese jargon'* verwys het. Hierdie politieke dinamika is 'n belangrike raamwerk vir die deurlopende relevansie diskoers van Regeerkunde in Suid-Afrika.

REGEERKUNDE: KENNISKONSTRUKSIE

Soos gestel is, het hierdie artikel ten doel om Regeerkunde as studieveld te konstrueer, en om die relevansie van die studieveld binne 'n ontwikkelingstaatkonteks te beredeneer. In hierdie afdeling word drie perspektiewe voorgestel, ten einde die studieveld te konstrueer te wete:

- 'n Dissiplinêre konstruksie;
- 'n Beïnvloedingskragte konstruksie; en
- 'n Baan-afhanklikheids- (*Path-Dependency*) konstruksie.

Hierdie drie konstruksies word voorgedra as basis om die kennisdomein en korpus van kennis (*body of knowledge*) van Regeerkunde te definieër.

Konstruksie 1: Dissiplinêre perspektief

Dissiplines poog om kennis te klassifiseer, te orden, te spesialisere en te bevestig (Foucault 1979:223; Doheny, Cook & Stopper 1987). Liles *et al.* (1995) beaam hierdie siening en voeg by dat dissiplines ook beskou kan word as 'n metode om bepaalde fenomene te bestudeer. Dissiplines ontwikkel oor tyd 'n kenniskorpus wat deur navorsing verbreed word. Dissiplines, volgens Ranney (1971:638), Keen (1980), Salvendy (1982), Denning (1989) en Liles *et al.* (1995) word veral gekenmerke deur:

- Die aard en fokus van navorsing wat onderneem word
- Wêreldperspektief en paradigma(-s)
- Aanverwante dissiplines
- Beginsels en praktyke
- Navorsing en teorie-ontwikkeling
- Bevordering van professionalisme
- Die leerinhoud van kwalifikasies en programme
- Die aard van akademiese joernale wat navorsingsresultate in die veld publiseer
- Die aard en omvang van die funksionering van professionele liggame en verenigings
- Die aard en omvang van departemente en fakulteite waaraan teoretici verbonde is

Die filosofiese wortels van akademiese dissiplines as kennisdomeine kan terughertrek word na die klassieke werke van Sokrates, Plato en Aristotles. In sy werk *Gorgias*, skryf Sokrates dat filosofiese denke nodig is ten einde rasionele, logiese en empiriese afleidings uit waarnemings te maak. Alexander (2011:195) bou op hierdie idee voort deur te argumenteer dat akademiese suiwer denke moet nastreef deur ‘...*free-floating* en *independent of particular commitments*’ te wees. Ook Habermas postuleer dat akademiese konstant gemoeid behoort te wees met ‘*unfettered critical discourse*’ (Alexander 2011:195).

Dissiplines bou tipies voort op teorieë wat in aanverwante dissiplines ontwikkel is. Doheny, Cook en Stopper (1987) verwys na ‘*reference*’ of ‘*adjacent*’ dissiplines. Keen (1980:11), Snodgrass (1987), en Denning (1989) wys egter daarop dat dissiplines ‘n uniekheid moet toon en sodoende van ander dissiplines onderskeibaar moet wees en dat dit eiesoortigheid kennis en literatuur moet opbou. Sogenaamde ‘volwasse’ (*mature*) dissiplines het goed-ontwikkelde teorieë, paradigmas en ‘n leksikon om kennis te konstrueer (Abbott 2001; Augsburg 2005).

Regeerkunde as studieveld binne die kennisdomein van Publieke Administrasie

‘n Inhoudsanalise van die literatuur oor *Governance* toon dat dit stewig binne die kennisdomein van Publieke Administrasie as ‘n toegepaste, sosiale wetenskap gevestig is. Die huidige diskoers binne Publieke Administrasie is egter vasgevang in paradigmatiese verskille en veral deur *managerialism* – ‘n bestuursgerigte paradigma, wat ‘n sterk beroepsgerigtheid toon. Die kennisdomein van die dissipline maak dus tans nie genoegsaam voorsiening vir die dinamika en kompleksiteite wat met die verskynsel ‘regering’ as handeling (‘governance’) gepaard gaan nie. Sommige teoretici in die dissipline beskou dit selfs as bloot ‘n gonswoord wat uiteindelik sal verdwyn.

Alhoewel teoretici soos Caiden (1971), Henry (1989:20), en Kernaghan (2010) van mening is dat daar geen omvattende definisie van Publieke Administrasie is nie, omdat dit ‘n wye verskeidenheid fenomene bestudeer en ‘n amorfe kombinasie van teorie en praktyk behels, is daar wel ooreenstemming dat die vakgebied fokus op die uitvoerende gesag van die regering, die openbare sektor en staatsdiens, sowel as die burokrasie wat belas is met die implementering van openbare beleid.

In die VSA het Publieke Administrasie sy beslag in 1887 gekry. In sy artikel getiteld “Die studie van die Administrasie”, bepleit Woodrow Wilson (1887) vier sake, naamlik:

- die skeiding van politiek en administrasie;
- ‘n vergelykende ontleding van openbare instellings as uniek in teenstelling met private organisasies;
- die verbetering van die funksionering van openbare instellings; en
- die verbetering van die doeltreffendheid van die staatsdiens deur middel van effektiewe bestuurspraktyke, kwaliteit opleiding, en deur meriete-aanstellings van openbare bestuurders.

Hierdie vier sake het die geboorte en teoretiese begrensing van die nuwe studiedomein ingelei. Wilson se argument tref dus 'n duideliker onderskeid tussen politiek, en dus indirek ook tussen Politieke Wetenskap wat die staat en beleidmakingsdinamika bestudeer, en die administrasie van 'n staat. Hierdie standpunt het aan Publieke Administrasie sy bestaansreg verleen en is die dissipline primêr gemoeid met die bestudering van die uitvoerende arm van 'n regering wat vir beleidsimplementering (dienslewering) verantwoordelik is.

Auguste Comte (1830-1842), 'n Franse filosoof, het aangevoer dat menslike dinamika in die samelewing bestudeer kan word in terme van verifieerbare, empiriese (positivistiese) navorsing en wette soos gebruik deur natuurwetenskappe. Die resultaat van Comte se werk was die ontstaan van die sosiale wetenskappe (Raney 1971:634). Rákóczy (2010) beskryf sosiale wetenskap as daardie deel van die wetenskap wat ondersoek instel na menslike interaksie en dinamika in die samelewing wat gebaseer is op waarneming en subjektiewe verklarings. Dit was dan ook in hierdie vertakking van die wetenskap wat Publieke Administrasie sy tuiste as 'n toegepaste dissipline gevind het.

Sedert die vroeë ontwikkeling van die akademiese dissipline, Publieke Administrasie, heers daar 'n lewendige debat oor die lokus en fokus daarvan. Soos gestel is, het dit internasionaal bepaalde paradigmatische verskuiwings (sien Thomas Kuhn, 1970) ondergaan – elk met eiesoortige, maar nie uitsluitende, terminologie, teorieë en benaderings vir die dissipline. Daar is tans nie eenstemmigheid oor die spesifieke paradigmas nie en verskaf verskillende outeurs verskillende klassifikasies. Henry (2010:27), byvoorbeeld, klassifiseer die paradigma as die politiek-administrasie tweeledigheid (digotomie)(1887-1926); die beginsels van publieke administrasie (1927-1937); publieke administrasie as politieke wetenskap (1950-1970); publieke administrasie as bestuur (1950-1970); publieke administrasie as publieke administrasie (1970 tot 1980); en regeerkunde (*governance*)(1980 tot hede). Die insluiting van publieke administrasie as wetenskap sowel as bestuur tydens dieselfde periode, dui op die konflikterende denke wat die dissipline kenmerk. Vir doeleindes van hierdie artikel word die klassifikasie van Dwivedi en William (2011:21-22) voorgestaan vanwee die nouer afbakening daarvan sowel as 'n duideliker perspektief rakende die plek wat Regeerkunde inneem in debatvoering. Dié outeurs onderskei die volgende agt periodes binne die ontwikkeling van Publieke Administrasie as dissipline:

- *Die politiek-administrasie tweeledigheid (1887-1926)* – 'n skeiding tussen politieke dinamika en administrasie.
- *Die beginsels van Publieke Administrasie (1927-1937)* wat veral die toepassing van die anagram 'POSDCORD' bekend gemaak het. Dit staan vir beplanning, organisering, personeel, rigtinggewing (*directing*), koördinerings, verslagdoening, en begroting (Henry 2010:29).
- *Die periode van herbesinning (1938-1947)* wat veral gekenmerk is deurdat die aanname dat politiek van administrasie onderskeibaar is, in twyfel getrek is.
- *'n Periode van identiteitskrisis (1948-1970)* waartydens die plek wat Publieke Administrasie binne Politieke Wetenskap as subdomein vervul het, verklein het en 'n eiesoortige, veral normatiewe, karakter begin aanneem het. Publieke Administrasie het dus nie meer 'n tuiste as studieveld geniet nie.
- *Vanaf Publieke Administrasie na Openbare Bestuur (1970 – 1990)* wat veral gekenmerk is deur die insluiting van bewese bestuurspraktyke van die privaatsektor ten einde die effektiwiteit en doeltreffendheid van dienslewering te verbeter. Dit het die paradigma van *managerialism* ingelui wat veral uiting gekry het in die Nuwe Publieke Administrasie- en

Nuwe Openbare Bestuursperspektiewe wat deur veral ekonomiese hervormings wêreldwyd stuwning gekry het.

- *Vanaf Openbare Bestuur na Regeerkunde (laat 1990s tot 2008)*. Met die kragte van globalisering en Internet-tegnologie is groter aandrag geplaas op 'global governance' – dat die aarde as 'n eenheid – as 'n planeet – bestuur moet word (Henry, 2010:38). Veral die publikasie van Osborne en Gaebler (1992) se *Reinventing Government* het 'n beduidende bydrae gedurende hierdie paradigma gelewer met die klem op netwerkvorming. Die term 'Nuwe Openbare Bestuur' (NOB) is in 1989 deur Christopher Hood geskep as resultaat van die ontleding van hervormings in Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk, en die Verenigde State van Amerika. Volgens teoretici soos König (1997:219) en Hyden (2000) behoort staatsinstellings as diensorganisasies te kompeteer en met behulp van besigheidsbeginsels, soos resultaat-gedrewendheid, kliëntefokus, werknembermagtiging, entrepreneurskap, en uitkontraktering, dienslewering te verbeter.
- *'n Periode van wêreldwye krisis (2008-2010)*. Hierdie periode is gekenmerk deur die wêreldwye finansiële krisis en verskuiwings in ekonomiese magsbasisse. Die vraag wat terreg afgeva is, is tot welke mate Regeerkunde as studieveld die nodige normatiewe en bestuursondersteuning bied, ten einde die krisis die hoof te bied. Die landbousektor sowel as die erkenning van plaaslike ekonomiese ontwikkelingsmodelle het sterk na vore getree ten einde lande se ekonomieë te verskans teen internasionale handels- en skuldkrisisse.
- *Vanaf Regeerkunde na Nuwe Openbare Regeerkunde (Public Governance) (2010 tot hede)*. Die hedendaagse denke sentreer rondom die idee dat die dissipline toenemend aanpas en nuwe idees, modelle en praktyke inkorporeer. Nasionale en internasionale gebeure plaas druk op die wyse waarop regerings dienste lewer sowel as die wyses waarop die samelewing verag hierdie dienste gelewer moet word. Daar word algemeen aanvaar dat die funksionering en rol van regerings meer inklusief, deelnemend en organies van aard behoort te wees – veral om die wisselwerking tussen die regering, besigheid en die burgerlike samelewing te fasiliteer (Peter 2008; Osborne 2010). 'n Meer omvattende en geïntegreerde model van regering word dus voorgelê en daarom word daar huidig na die Nuwe Openbare Regeerkunde as '*an integrated science*' verwys deurdat daar toenemend van benaderings, teorieë en modelle van ander dissiplines gebruik gemaak word (Osborne 2010).

Afhangend van die bepaalde paradigma wat akademici aanhang, is die naam van die vak as resultaat van hierdie paradigmatische verskuiwing oor 'n tydperk aangepas – in Suid-Afrika eers vanaf 'Publieke Administrasie' na 'Publieke Administrasie en Bestuur'; toe na 'Openbare Bestuur en Administrasie', en weer na 'Openbare Bestuur en Regering'. By sommige universiteite word 'Openbare Sake' (*Public Affairs*) en 'Publieke Leierskap' ook verkies. Wat duidelik is, is dat die bestudering van Regeerkunde tans internasionaal in sy kinderskoene staan. Die bestaande epistemologie van Publieke Administrasie is dus nie genoegsaam toegerus om hierdie meer omvangryke fenomeen te bestudeer nie. Regeerkunde – of te wel die bestudering van netwerkregeringsdinamika in al sy teoretiese, organisatories/strukturele, politieke en bestuursdimensies - is dus meer omvangryk as die bestaande dissipline en beskik dit tans nie oor 'n duidelike kenniskonstruksie om dit te begrens nie. 'n Veel meer omvattende en geïntegreerde benadering behoort gevolg te word om die kennisdomein van Regeerkunde te konstrueer.

Regeerkunde as produk van transdissiplinariteit

Ten einde 'n meer omvattende benadering te volg, toon figuur 4 die interdissiplinêre, multidissiplinêre, en transdissiplinêre invalshoeke om Regeerkunde se studieveld te

konstrueer. Die figuur stel voor dat Publieke Administrasie en Politieke Wetenskap as die mees nouverwante (adjacent or reference) dissiplines kennisproduksie van Regeerkunde op 'n primêre vlak behoort te rugsteun deur dit van toepaslike teorieë, modelle, kennis en paradigmas te voorsien. Op 'n sekondêre vlak word dissiplines soos Ekonomie, Sosiologie, Regte, Antropologie, Omgewingswetenskappe, Bestuurswetenskappe en Ontwikkelingstudies ingesluit om op hul beurt die primêre dissiplines te voed.



Fig.4 Dissiplinere kenniskonstruksie van regeerkunde

Die kennisdomain van Regeerkunde word voorts versterk deur tersiêre dissiplines wat spesifieke perspektiewe tot Regeerkunde verleen. Indien onderwys en opleiding byvoorbeeld binne Regeerkunde dus onder die soeklik geplaas word, sal die dissipline Opvoedkunde na die voorgrond tree; en wanneer die impak van HIV/VIGS op die samelewing onder die soeklik geplaas word, sal Gesondheidswetenskappe 'n bydrae kan lewer. Die onderskeie kennisdomeine van die dissiplines op primêre, sekondêre en tersiêre vlakke lewer dus gesamentlik 'n bydrae ten einde kennis van Regeerkunde te konstrueer. Die produk van hierdie inter- en multidissiplinêre wisselwerking is 'n transdissiplinêre kennisdomein van Regeerkunde.

Figuur 4 maak geensins op volledigheid aanspraak nie; dit behoort as 'n 'aksienavorsingsprojek' gesien te word – 'n proses ten einde 'n diskoers te rig. Die feit dat die sirkels wat dissiplines voorstel kruissnydend en poreus is, is ook 'n poging om aan te dui dat dissiplines nie in vakume bestaan en bestudeer kan word nie en dat interdissiplinêre samewerking en wisselwerking noodsaaklik is vir die groei en uiteindelik die relevansie van dissiplines – veral binne die wetenskapsvertakking van die sosiale wetenskappe.

Wat 'n bepaalde dissiplinêre invalshoek in die bestudering van 'regering' betref, lewer die wetenskapsfilosoof, Karl Popper, 'n belangrike bydrae. Volgens Popper bestaan dissiplines bloot vanweë historiese en administratiewe redes en stel hy voor dat daar eerder op *probleme* as *dissiplines* gefokus moet word. Hierdie standpunt word sterk ondersteun. Die model toon die

belang van span- of taaknavorsing wat vanuit multidissiplinere perspektiewe fenomene (probleme) binne regeerkunde bestudeer en sodanige ondersoek tot nuwe kennis (transdissiplinariteit) lei. Die korpus van kennis van Regeerkunde, wat uiteindelik in die kurrikulum van 'n kwalifikasie neerslag behoort te vind, handel dus nie oor vaste inhoud nie, maar eerder om sentrums van kundigheid in spesifieke navorsings- en perspektiefnisse te vestig. Die kennisdomein is ook afhanklik van die kapasiteit en kundigheid wat by 'n bepaalde universiteit gesetel is. Dit is voorts afhanklik van die bereidheid en gewilligheid van teoretici van aanverwante dissiplines om hande te vat rakende bepaalde fenomene, om krities te debateer, en teorieë en kundigheid uit te ruil ten einde sin te maak uit die fasette en invalshoeke van waaruit regeringsproblematiek beskou kan word. Navorsers in Regeerkunde behoort dus nie nougeset vanuit 'n bepaalde dissipline te argumenteer nie of jaloers te waak oor die tradisionele inhoud daarvan nie, maar eerder om transdissiplinêr nuwe teorieë te formuleer en te toets.

Konstruksie 2: Beïnvloedingskragte

Die tweede voorgestelde konstruksielyn vir Regeerkunde handel oor bepaalde fenomene of kragte wat nie in sekere dissiplines gesetel is nie, maar kruissnydend op die rol van 'n regering en 'n netwerk van ander akteurs binne 'n staat inwerk. Twee beïnvloedingskragte word voorgelê, te wete globalisering en ontwikkeling. Daar word geargumenteer dat alhoewel daar 'n wye verskeidenheid veranderlikes is wat op Regeerkunde kan inspeel, almal na hierdie twee veranderingskragte terugherleibaar is.

Globalisering

Die globalisering van die ekonomie en die groeiende belangrikheid van transnasionale politieke instellings soos die Europese Unie (EU), Wêreld Handelsorganisasie (WHO), die Vereniging van Suid-East Asian Nations (ASEAN), en North American Free Trade ooreenkoms (NAFTA) het aanleiding gegee tot die grootskaalse herstrukturering van beide plaaslike en internasionale ekonomiese stelsels. Wat bleik die belangrikste gevolg van globalisering te wees is die erosie van die tradisionele nasionale politieke gesag. Internasionale kragte dwing nasionale regerings om bepaalde aksies te neem ten einde gemeenskaplike vraagstukke aan te spreek. Sommige kommentators (Rhodes 1997; Davis 2005) verwys na hierdie fenomeen as die '*hollowing out of the state*', veral aangesien globalisering deur markte, en nie deur individuele regerings nie, gedryf word (Friedman 2000).

Die dinamika verbonde aan '*global governance*' en die invloed daarvan op die regering van die dag, sy monetêre en buitelandse beleid, sowel as die inwerking daarvan op die nasionale politieke diskoers, behoort geïnkorporeer te word in die kenniskonstruksie van Regeerkunde.

Ontwikkeling

Daar word algemeen aanvaar dat die konsep 'ontwikkeling' ekonomiese, sosiale en omgewingsdimensies het. Ekonomiese ontwikkeling beskou veral die skepping van welvaart en die distribusie daarvan in die samelewing. Sosiale ontwikkeling gaan hoofsaaklik oor die verbetering van die algemene welsyn van mense en sluit die verligting van armoede, werkskepping, gesondheid, lewensverwagting en andere in. Die omgewingsdimensie van ontwikkel beskou veral die negatiewe invloed van natuurlike hulpbronontginning op die omgewing soos water-, lug- en grondbesoedeling, klimaatverandering, voedselsekureit, en ander realiteite.

Benaderings tot ekonomiese ontwikkeling is terugherleibaar na Adam Smith se *Wealth of Nations*, Karl Marx se *Communist Manifesto* en *Capital*. Meer kontemporere beskouings sluit onder meer die *Growth and Catch-up*-teorie; die *World Systems*-teorie wat die manipulatiewe

aard van die wisselwerking tussen 'core' (1ste Wereldlande) en 'peripheral' (3de Wereldlande) beskou; Moderniseringsteorie; Menslike ontwikkelingsteorie; en Omgewingsteorie in. Figuur 5 toon die hoofstroomdenke en prosesse binne die konteks van omgewing wat die kennisdomein van Regeerkunde behoort te verdiskonteer.




Fig. 5 Ontwikkelsdenke en -prosesse

Belangrik om op te let is dat die Verenigde Nasies se Millenium Ontwikkelsdoelwitte (2000) elke land se beleid en hulpbronaanwending rig. In Suid-Afrika word die jaarlikse Staatsrede, die Regering se Program van Aksie, *Vision 2030* van die Nasionale Beplanningskommissie, die *New Growth Path*, sowel as provinsiale *Growth and Development Strategies* en munisipaliteite se *Integrated Development Plans*, almal as meganismes gebruik om die bereiking van die uitkomst van die Millenium Ontwikkelsdoelwitte te fasiliteer. Navorsing binne die veld van Regeerkunde is dus onvolledig sonder om die dinamika van ontwikkeling, in sy breër konteks, te verreken.

Konstruksie 3: Baan-afhanklikheidsteorie (*Path-Dependency Theory*)

Die fundamentele argument van die baan-afhanklikheidsteorie is dat die huidige realiteite en tendense waarneembaar binne 'n land, vertolk moet word binne die geskiedenis van die land. Historiese gebeure is dus bepalend om hedendaagse samelewingsdinamika te verstaan. Bepaalde momente in 'n staat se geskiedenis gee aanleiding tot bepaalde tendense, denk- en beleidsrigting en die regeringsargitektuur. Om hierdie rede, so verklaar die teorie, verskil regerings en staatkundige ontwikkeling van samelewing tot samelewing. Daar kan dus geargumenteer word dat sekere momente in Suid-Afrika se geskiedenis ook rigtinggewend was in die huidige staatsbestel. Momente soos 1652 (Nederlandse kolonialisering), 1948 (vestiging van Apartheid), 1976 (politieke weerstand), 2 Feb 1990 (ontbanning van die ANC), en 1994 (eerste nasionale, demokratiese verkiesing), kan as voorbeelde hiervan dien. Die wyse waarop die idée van 'n ontwikkelingstaat dus in Suid-Afrika uiting kry, is onlosmaaklik deel van historiese realiteite. So byvoorbeeld moet gebeure na-1994 dus binne die konteks van voor-1994 gebeure verstaan word.

Die teorie lewer 'n besondere bydrae om Regeerkunde se kennisdomain te konstrueer deurdat dit die bepaalde historiese konteks van Suid-Afrika verreken. Die staatsbestel wat Suid-Afrika tans het, kan byvoorbeeld as 'n resultaat van Nederlandse regeerstelsdenke en die Engelse Westminsterstelsel beskou word. Voorts behoort ideologiese kragte en politieke denke aanwesig binne die land soos Afrikaner nasionalisme en konserwatisme, pan-Afrikanisme en die idee van *uhuru*, sosialisme en kommunisme, kapitalisme en neoliberalisme, verreken word wanneer Regeerkunde se kennisveld gekonstrueer word.

Ter samevatting vir doeleindes van die operasionalisering van die eerste doelwit van hierdie artikel, word dus voorgestel dat die kennisveld van Regeerkunde gekonstrueer behoort te word as 'n dinamiese produk van transdissiplinariteit (teorie), globalisering, ontwikkeling, en die historiese konteks en demografiese realiteite van die land.

Vervolgens kom die tweede doelwit van die artikel aan die orde, naamlik om oor die relevansie van Regeerkunde in 'n ontwikkelingstaat te besin.

REGEERKUNDE IN 'N ONTWIKKELINGSTAAT - DIE RELEVANSIEDISKOERS

Noudat voorstelle tot die kenniskonstruksie van Regeerkunde gestel is en daar groter duidelikheid oor die aard en omvang daarvan verkry is, kan die vraag tereg afgeva word: Watter relevansie hou die bestudering van Regeerkunde vir die student, die universiteit, en uiteindelik die samelewing in?

Die relevansie van 'n relevansiediskoers is veral gesetel in die feit dat indien ongepaste en onvoldoende invalshoeke die relevansiediskoers sou rig, dit bepaalde nadelige gevolge kan inhou, soos byvoorbeeld:

- Die insluiting van onvoldoende epistemologie, wat weer beduidend op die kurríkula van sowel voor- en nagraadse programme as kapasiteitsbouprogramme sal inspeel;
- Onvanpaste fokus van navorsing en publikasies;
- Nie-toepaslik gekwalifiseerde dosente en fasiliteerders vir opleidingsprogramme en die gevolglike onvermoë van akademici om kennis, vaardighede en gesindheid (affektiewe, waardestelsels) effektief oor te dra;
- Onvermoë om die profiel van voornemende studente sowel as toepaslike toelatingskriteria daar te stel;
- Afgestudeerde studente wat nie toepaslik vir die wereld van werk voorbereid is nie, en die gevolglike nadelige beeld wat die universiteit daardeur kan verkry, met 'n gevolglike afname in studentegetalle en 'n lae navorsingsgradering van die universiteit; en
- Ontoepaslike onderrig- en assesseringsmetodes.

Ten einde die relevansiediskoers te rig, is 'n bepaalde klassifikasieraamwerk nodig. Die volgende klassifikasieraamwerk word vir doeleindes van hierdie diskoers voorgestel te wete kontekstuele, institusionele en dissiplinêre relevansie. Elkeen word hieronder kortliks toegelig.

Kontekstuele relevansie

Watter relevansie het Regeerkunde in sowel die Afrika- as in die ontwikkelingstaatkonteks van Suid-Afrika? Hoe kan kennisproduksie tot die aanspreek van komplekse sosio-ekonomiese en politieke realiteite gerig word?

Gesprekvoering oor relevansie van Regeerkunde behoort die spesifieke sosio-politieke en ekonomiese konteks van Suid-Afrika as 'n ontwikkelingstaat te verreken. Kontekstuele relevansie, soos wat Baan-afhanklikheidsteorie toon, impliseer dat dit wat relevant vir Suid-Afrika is, nie noodwendig relevant vir meer ontwikkelde lande of lande met 'n unieke

demografie nie. Wat is die visie van die land en waarheen is ons as samelewing op pad? Watter vaardighede, kennis en houdings is nodig ten einde senior openbare bestuurders toe te rus om Suid-Afrika daarheen te fasiliteer? Wat is die prioriteitsareas in terme van dienste en produklewering? Verkry die publiek die kwaliteit en kwantiteit dienste wat verwag word?

Daar is algemene konsensus dat die suksesvolle operasionalisering van doelwitte wat tipies aan 'n ontwikkelingsstaat gekoppel word, afhanklik is van bevoegde openbare bestuurders om die ontwikkelingsagenda van die staat te lei (McLennan & Munslow 2009:19). In hierdie verband Henry (1992:21) argumenteer dat die effektiwiteit en doeltreffendheid in die regering kan verbeter word deur die studie van Publieke Administrasie. Ook Baloyi (2010) stel dit byvoorbeeld as volg: *'South Africa's public sector senior managers are not excluded from this primary, developmental state characteristic'*. Openbare bestuurders dien die administratiewe burokrasie wat die masjien van 'n ontwikkelingsstaat is. As sodanige word bepaalde vlakke van strategiese kennis, vaardighede, en bevoegdheids van hul verwag om deur dienslewering die ontwikkelingsagenda te dryf (Marwala 2006:3; Gumede 2007:51).

Onlangse mediaverslae, navorsingsprojekte en amptelike verslae van ondermeer die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Department vir Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede, die *South African Local Government Association* (SALGA), dui op 'n wye verskeidenheid vraagstukke waarmee die Suid-Afrikaanse Regering gekonfronteer word. Die vraag kan nou tereg afgevaar word oor watter spesifieke bydraes Regeerkunde kan lewer. Alhoewel die bydraes wat Regeerkunde in die verbetering van netwerkvorming en dienslewering kapasiteit sekerlik eindeloos is, kan die volgende spesifieke bydraes beklemtoon word:

*Aanspreeklikheid en
responsiwiteit*

- Fokus op bestuursaanspreeklikheid (veral in die konteks van hulpbronaanwending), politieke en openbare aanspreeklikheid, finansiële aanspreeklikheid (befondsing van projekte), en diensleweringaanspreeklikheid
- Die daarstelling van professionele en etiese standaarde in die responsiewe wyses waarop regerings op samelewingsbehoefte reageer.

*Munisipale
regeringsbestuur*

- Versterk die kapasiteit van munisipaliteite as volhoubare en ontwikkelingsgerigte agentskappe vir dienslewering en as fasiliteerder vir plaaslike demokrasie. Veral finansiële en projekbestuurskapasiteit kan hier uitgesonder word.

*Prestasiemonitering en -
evaluering*

- Die implementering van omvattende en geïntegreerde prestasiebestuurstelsels wat op wetenskaplike beginsels en akurate en relevante inligting gebaseer is ten einde voortdurende proses- en stelselverbeterings te fasiliteer.

Institusionele relevansie

In terme van institusionele relevansie, is twee perspektiewe belangrik, te wete 'n staatsdiens en 'n tersiêre instellingsfokus. Die relevansie van Regeerkunde behoort dus in terme van die toepaslikheid daarvan vir die behoeftes, uitdagings en realiteite van sowel die Staatsdiens as die universiteit gesetel te wees.

Daar kan geargumenteer word dat universiteite veral relevansie verkry deur:

- Die toepaslikheid en inhoud van
- Die vestiging van sentra van

- akademiese programme vir beide heelmensontwikkeling sowel as voorbereiding vir die beroepswêreld
- Die gebruikswaarde en toepaslikheid van navorsing wat onderneem word en die publikasie daarvan as verslae, konferensiereferate en artikels
- Internasionalisering deur samewerkings- en uitruilooreenkomste
- Die deskundigheid van personeel: gegradeerde navorsers, media profiel, ens.
- Nagraadse navorsing: die toepaslikheid van temas
- uitnemendheid in spesialis areas
- Kapasiteitsbouprogramme en kortleer-vaardigheidsprogramme
- Gemeenskapsdiens en -projekte
- Visie en Missiestelling: die breë samelewingsbydrae wat die universiteit maak deur byvoorbeeld die vestiging van 'n kultuur van lewenslange leer, die stimulering van kritiese denke en analitiese vermoëns, sowel as die waardesisteem wat aan studente oorgedra word

In die transformasie-agenda van die regering-van-die-dag is daar 'n lewendige diskoers rakende die rol van universiteite in die samelewing. Is universiteite instrumente van die staat of is dit setels van ongebondenheid? (sien Derrida 2002:205) Wat is die rol van universiteite in die stelsel van regering in die land? Tot watter mate moet universiteite bydra tot kwessies soos nasionale ontwikkeling, globalisering, en die politieke ekonomie van die staat? Behoort tersiêre opleiding slegs beskikbaar wees vir die wat dit kan bekostig (*elitism*) of is toegang tot hoër onderwys 'n reg wat die staat moet fasiliteer deur die sogenaamde massifikasie van onderwys?

Kraak (2000:89-92) toon oortuigend hoe universiteite in Suid-Afrika 'n veranderende "modes" betree. Hy (Kraak) verduidelik dat universiteite snel wegbeweeg van 'n meer tradisionele vorm van kennisgenerering en onderrig (modus 1) tot 'n meer entrepreneuriese en vaardigheidsgedrewe vorm (modus 2). Die vraag wat afgeva kan word, is tot watter mate Regeerkunde die waardes, intensies en intervensies van die staat weerspieël. Vil-Nkomo (1998:132) in hierdie verband betoog dat 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van akademici in Regeerkunde rus deurdat hulle 'n bydrae behoort te lewer in die effektiewe funksionering van die Staatsdiens en met toepaslike en innoverende navorsing voorpuntkennis vir diensleweringverbetering moet genereer. Op 'n pragmatiese vlak is die kern van die diskoers gesetel in die wyses waarop die kennisdomein van Regeerkunde die ontwikkelingsagenda van die Regering behoort te bevorder. Byvoorbeeld, watter soort van kennis, vaardighede en gedrag is geskik vir openbare amptenare om 'n ontwikkelingstaat te fasiliteer en om te voldoen aan die beginsels vervat in Artikel 195 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika? Op 'n meer teoretiese vlak, behoort die diskoers gerig te word deur die praktyk/teorie-tweeledigheid, die kwessies van politieke "neutraliteit" en die onpartydige aard van staatsadministrasie (sien politiek-administrasie digotomie hierbo). Hierdie teoretiese oorwegings staan dikwels teenoor die ideologiese dinamiek in en die transformasie-agenda van Suid-Afrika.

Gebaseer op internasionale ontwikkelings in veral Brittanje, argumenteer Van Jaarsveldt en Wessels (2011:380) dat ook Regeerkunde wegbeweeg van meer algemene teoretiese opleiding na 'n meer praktykgerigte bestuursfokus. Hoe behoort hierdie verskuiwings in modusse en toegepastheid neerslag te vind in die kurrikulum van Regeerkunde en tot welke mate lê die antwoord dalk in die bereiking van gesonde balanse?

Dissiplinêre relevansie

Dissiplinêre relevansie bring ons terug by Robert Lynd (1939) se *Knowledge for what?*-vraag. Hoekom studeer mens? Op 'n meer fundamentele vlak sou geargumenteer kon word dat mens seker studeer vir eie denk- en heelmensontwikkeling; om sin te maak uit jou omgewing en die dinamiese interaksies en gebeure wat daarin plaasvind. Daar is egter sekerlik ook 'n meer pragmatiese kant - om werk te kry.

'n Diskoers oor dissiplinêre relevansie word gekompliseer deur ondermeer die volgende fundamentele vrae:

- Watter teorieë en modelle maak sinvol deel uit van die kennisdomein van Regeerkunde?
- Tot watter mate is die studieveld praktykingestel om studente beroepsgereed te maak vir 'n loopbaan in die openbare sektor en tot watter mate is die studieveld relevant as 'n toegepaste, sosiale wetenskap? Word studente ook voorberei om krities te argumenteer, te analiseer, en kennisproduksie te fasiliteer deur teorie-ontwikkeling en toetsing? Word studente in staat gestel om regeerkundige fenomene in die samelewing te verklaar en beste praktyke te ontwikkel?

Die relevansie van die studieveld word voorts belemmer deur 'n wye verskeidenheid faktore. Van die faktore sluit onder meer in die gebrekkige wisselwerking en netwerkvorming tussen akademië van ander universiteite (nasionaal en internasionaal). Die relatiewe geslotenheid en 'alleenheid' van die akademie is bydraend hiertoe. Nalebuff en Brandenburger (1996) verwys byvoorbeeld hierna as die gebrek aan '*co-opetition*', (competition and co-operation) en gebrekkige '*joined-up capabilities*' van die akademie. Voorts is daar beperkte skakeling tussen akademië en praktisyns. Akademië se 'agenda' word dikwels bevraagteken en lei dit tot die verpolitiserings van navorsingsvrae en regeerkundige aanbevelings. Die resultate van nagraadse studies, wat nagenoeg 95% geskoei is op die aanspreking van spesifieke bestuursproblematiek in openbare instellings, word ook uiters gebrekkig in die praktyk geabsorbeer. Ten einde die relevansie van Regeerkunde te verhoog, behoort hierdie, en ander aangeleenthede, aangespreek te word.

DIE ARGITEKTUUR VAN REGEERKUNDE TE NWU: BYDRAE TOT RELEVANSIE

Sedert die ontstaan van Publieke Administrasie in 1991 by die voormalige PU vir CHO lewer die huidige departement Openbare Bestuur & Regering 'n wesenlike en betekenisvolle bydrae ten opsigte van die kontekstuele, institusionele en dissiplinêre relevansie daarvan. Veral die huidige argitektuur van die Fakulteit, die Skool, die Fokusarea en die Sentrum vir Regeerkunde dra daartoe by dat hierdie bydrae verder versterk kan word. Die rede hiervoor is dat die drie pilare waarop die universiteit gebou is, naamlik navorsing, onderrig en gemeenskapsdiens volledig daardeur gerugsteun word.

Wat die eerste pilaar, naamlik navorsing betref, bestuur die Fokusarea: Sosiale Transformasie die navoringskomponent van nagraadse programme in Openbare Bestuur en Regering en het dit 'n Subprogram: Regeerkunde wat kennisproduksie stimuleer. Voorts bestuur die Fokusarea die registrasie van navorsingsprojekte en ondersteun dit die bou van navorsingskapasiteit van personeel deur individue publikasies, konferensievoordragte, en kursusbywoning. Voorts is die navorsingsprofessorraat in Regeerkunde gemoeid met diepgang-onderzoek na regeerkundige dinamika en fenomene sowel as die ontwikkeling van navorsingskapasiteit in die Fakulteit.

Op die onderrigpilaar rusteun die Skool vir Sosiale en Owerheidstudie programsamestelling, dosering, assessering, en kwaliteitsversekering van programme waarvan die inhoud die realiteite van die samelewing weerspieël.

Wat die gemeenskapsdiens en die bemerking van deskundigheid betref, gee die onlangse vestiging van die Sentrum vir Regeerkunde stuwings aan vaardigheidsontwikkeling en aksie- en kontraknavorsing wat die praktykrelevansie van die universiteit aansienlik verhoog. Verder bestuur die Kantoor vir Kortkursusse verskeie kapasiteitsbouprogramme vir die Regering op al drie sferes met programme in ondermeer Munisipale Regering, Projekbestuur, Finansiële en Aankopebestuur, Menslike Hulpbronnbestuur, Strategiese Leierskap en Prestasiebestuur. Die vlagskipprojek is sekerlik die Palama-kontrak ter waarde van R10m in terme waarvan 10 000 senior bestuurders landwyd opgelei word in die *Executive Development Programme*. Sedert die

vestiging van die Kantoor in 2009 is reeds R11,9m derde-geldstroominkomste tot hede genereer.

SLOTOPMERKINGS

Hierdie artikel het ten doel gehad om die kennisdomein van Regeerkunde as ontwikkelende studieveld te konstrueer en om die relevansie daarvan binne die konteks van 'n ontwikkelingstaat te plaas. Daar is bevind dat kenniskonstruksie as 'n produk van transdissiplinariteit beskou behoort te word. Daar is voorts bevind dat 'n wye verskeidenheid veranderlikes soos globalisering en ontwikkelingsdinamika sowel as historiese en demografiese realiteite ingesluit behoort te word ten einde die studieterrrein te definieer. Weens die evolusionêre aard van die studieveld Regeerkunde, is dit onwaarskynlik dat totale konsensus oor die kenniskonstruksie en uiteindelik die relevansie daarvan bereik sal word. Daar behoort aanvaar te word dat dit inherent deel van die aard van die studieveld is.

Die relevansiediskoers is gerig deur kontekstuele, institusionele en dissiplinêre invalshoeke en is daar geargumenteer dat Regeerkunde 'n wesenlike bydrae kan lewer ten einde die sosio-politieke en ekonomiese vraagstukke in Suid-Afrika aan te spreek.

Ten slotte wil ek argumenteer dat die fundamentele relevansie van die studieveld in *balans*, en *ewewigtigheid* gesetel is. In hierdie verband agiteer Artitotles byvoorbeeld vir 'n *'equilibrium'* in 'n samelewing (wigte en teenwigte; kragte en teenpoolkragte; argumente en teenargumente) ten einde 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die diskoers rakende goeie regering. Sonder genoegsame ewewigtige kennis van regering kan die regte balanse in 'n samelewing nie gehandhaaf word nie. Hierdie balans en ewewigtigheid behoort gesetel te wees in dit wat aan studente in die studieveld oorgedra word; aan watter realiteite hulle blootgestel word en watter denk- en bestuursvaardighede hul verkry ten einde sin daaruit te maak. Studente moet tussen voor- en nadele, kort-, medium- en langtermyn gevolge, aksies en reaksies, eurosentriese, afrosentriese modelle, ideologie, en tesis en antiteses kan onderskei om sodoende ingeligte sinteses te kan maak. So byvoorbeeld behoort infrastruktuurontwikkeling en ekonomiese groei teenoor omgewingsbewaring en die nadelige impak op water, grond en lug verreken te kan word; grondhervorming moet teenoor die belang van eiendomsreg en voedselsekuriteit geplaas word; staatsintervensies in die ekonomie teenoor die vryemarkstelsel en die BRICS-vennootskap geplaas word; die vryheid van spraak teenoor haatspraak; en die nasionalisering van myne teenoor buitelandse beleggersvertroue. Studente in Regeerkunde behoort ook politieke dinamika binne die staat te verstaan in terme van konserwatisme, nasionalisme, liberalisme, radikalisme, sosialisme en marxisme. Voorts behoort studente 'burokrasiepatologie' te kan toepas - verwysend na patrone en gedrag wat tot die disfunksionaliteit van openbare instellings aanleiding gee. Studente behoort in staat gestel te wees om na die redes vir lae organisatoriese prestasie te kyk en dan oor die vermoë beskik om aanbevelings te maak en te implementeer ten einde stelsels, prosesse, tenieke en metodes vir optimale instellingfunksionering te verbeter. As sodanig bly Regeerkundestudente deur effektiewe beleidsinsette, beplanning en ontwikkeling op die voorpunt om 'n beter toekoms vir komende nageslagte te verseker, en sodoende kan Regeerkunde sy relevansie as studieveld binne die ontwikkelingstaat tot voordeel van die totale samelewing verder uitbou.

-----oOo-----

BRONNE

ABBOTT, A. 2001. *Chaos of Disciplines*. Chicago: University Of Chicago Press.

ALEXANDER, J.C. 2011. *Performance and Power*. Cambridge: Polity.

ANC. 2010. *Strategy and Tactics*.

<http://www.anc.org.za/ancdocs/history/conf/conference50/strategyamend.html> [Datum van toegang: 25 Mei 2012].

ANC Today. Vol. 12. No. 23. 15-21 Junie 2012.

<http://www.anc.org.za/docs/anctoday/2012/at23.htm> [Datum van toegang: 12 Julie 2012].

AUGSBURG, T. 2005. *Becoming interdisciplinary: an introduction to interdisciplinary studies*. Dubuque, Iowa: Kendall/Hunt Publishing.

BALOYI, M.R. 2010. Key note address to the 2010 Association of Southern African Schools and Departments of Public Administration and Management (ASSADPAM) conference, Irene, Pretoria, 27 – 29 September 2010.

BANA, B. & BASHEKA, B.C. 2011. Governance and democracy as critical pillars for successful East African regional integration. Paper presented at the East African Conference. Dar es Salaam, 19-21 December 2011.

BORINS, S. 1994. *Government in Transition: A New Paradigm in Public Administration*. Report on the Inaugural Conference of Commonwealth Association for Public Administration and Management. Held on 28th August, Charlottetown, Prince Edwards Island.

BRATTON, M. & VAN DE WALLE, N. 1992. *Towards Governance in Africa: Popular Demands and State Responses*. In Hyden, G. & Bratton, M. (Eds). *Governance and Politics in Africa*. Boulder: Lynne Rienner.

CAIDEN, G.E. 1971. *The Dynamics of Public Administration*. Hinsdale: Dryden Press.

CASTELLS, M. 1992. *Four Asian Tigers with a Dragon Head: A Comparative Analysis of the State, Economy and Society in the Asian Pacific Rim*. In Henderson, R. & Applebaum, J. (eds.). *State and Development in the Asian Pacific Rim*. London: Sage Publications.

COSTON, J.M. 1998. A Model and Typology of Government-NGO Relationship. *Nonprofit and Voluntary Sector Quarterly*. Vol. 27. No. 3. pp.358.

DAVIS, J. 2005. *Networks and globalization*. Paper presented at the Global Studies Association meeting, Knoxville, TN, May, 2005.

DENHARDT, R. & DENHARDT, J. 2000. The New Public Service: Serving rather than steering. *Public Administration Review*. Vol. 60. Nr. 6. pp. 549-559.

DENNING, P.J. 1989. Computing as a Discipline. *Communications of the ACM*. Vol.32. No. 1. pp. 9-23.

DERRIDA, J. 2002. *The university without condition*. In Derrida, J. (Ed). *Without alibi*. Stanford: Stanford University Press.

- DIXON, J. & DOGAN, R. 2005. The Contending Perspectives on Public Management: A Philosophical Investigation. *International Public Management Journal*. Vol. 8. No. 1. pp. 1-14.
- DOHENY, M.O., COOK, C. & STOPPER, M. 1987. The Discipline of Nursing: an introduction. 2nd ed. Norwalk, Connecticut: Appleton & Lange.
- DWIVEDI, O.P. & WILLIAM, G. 2011. Public administration: State of the discipline – a historical odyssey. In Dwivedi. O.P (Ed). Public administration in a global context: IASIA at 50. Brussels: Bruylant.
- EDIGHEJI, O. 2009. How to construct a 21st-century developmental state in Africa. *New Agenda*. Vol. 35. No. 3. pp. 60-63.
- EVANS, P.B. 2009. Constructing the 21st – century developmental state, potentials and pitfalls. *New Agenda*. Vol. 36. No. 4. pp. 6-13.
- FERLIE, E., ASHBURNER, L., FITZGERALD, L. & PETTIGREW, A.M. 1996. The New Public Management in Action. Oxford: Oxford University Press.
- FOGEL, R.W. 2004. Technophysio evolution and the measurement of economic growth. *Journal of Evolutionary Economics*. Vol. 14. No. 2. pp. 217-221.
- FOUCAULT, M. 1979. Discipline and punish: The birth of the prison. New York: Vintage.
- FREDERICKSON, H. G. 1997. The spirit of public administration. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- FREDERICKSON, H.G. 2005. What ever happened to public administration? Governance, governance everywhere. In Ferlie, L.E. (Ed). The Oxford handbook of public management. Oxford: Oxford University Press.
- FRIEDMAN, T. 2000. The Lexus and the Olive Tree: Understanding Globalization. New York: Anchor Books.
- GOLDSMITH, S. & EGGERS, W.D. 2004. Governing by Network: The New Shape of the Public Sector. New York: Brookings Institute Press.
- GULICK, L.H. & URWICK, L.F. 1937. Papers on the Science of Administration. New York: Institute of Public Administration.
- GUMEDE, V. 2007. Is Government optimally poised to achieve set objectives and targets in time? *Service Delivery Review*. Vol. 5. No.3. pp.48-51.
- HAQUE, M. (Ed). 2004. Handbook of Development Policy Studies. New York: Marcel Dekker.
- HENRY, N. 2010. Public administration and public affairs. New York: Pearson.
- HERRING, E.P. 1936. Public Administration and the Public Interest. New York: McGraw Hill.
- HEYWOOD, A. 2002. Politics. New York: Palgrave Foundations.
- HOLZER, M. & ZHANG, M. 2002. *Chinese Public Administration Review*. Vol. 1. No. 1. pp.1-8. <http://scpa.newark.rutgers.edu/~scpa/pdf/Introduction.pdf>. [Datum van toegang: 12 Maart 2012].

HUGHES, O.E. 2003. Public management and administration: An Introduction. 3rd ed. New York: Palgrave-Macmillan.

HYDEN, G., OLOWU, C. & OKOTH-OGENDO, W. (Eds). 2000. African Perspectives on Governance. Trenton: African World Press.

JONG JUN, S. 1996. Globalisation and its implications for domestic governance, policy-making, and administration. *Korean Review of Public Administration*. Vol.1. No. 1. pp.29-54.

KAMARACK, E.C. & NYE, J.S. 2002. Governance.com: Democracy in the Information Age. Washington, D.C.: Brookings Institution Press.

KEEN, P.G.W. 1980. MIS Research: Reference Disciplines and Cumulative Tradition. Proceedings of the First International Conference on Information Systems. Philadelphia, Pennsylvania, December 1980, pp.9-18.

KERNAGHAN, K. 2010. Public Administration. Canadian Encyclopedia. <http://thecanadianencyclopedia.com> [Datum van toegang: 7 Junie 2012].

KETTL, D. F. 2000. The global public management revolution: A report on the transformation of governance. Washington, DC: Brookings Institution.

KONDLO, K.M. & MASERUMULE, M.H. (Eds). 2010. The Zuma Administration: Critical Challenges. Cape Town: HSRC Press.

KÖNIG, K. 1997. Entrepreneurial Management or Executive Administration: The Perspective of Classical Public Administration. In Kickert, W. (Ed). Public Management and Administrative Reform in Western Europe. Cheltenham: Edward Elgar. pp. 217-236.

KOOIMAN, J. 2006. Governing as Governance. London: Sage.

KRAAK, A.H. (Ed.) 2000. Changing Modes: New knowledge production and its implications for higher education in South Africa. Pretoria: HSRC.

KUHN, T.S. 1970. The Structure of Scientific Revolutions. 2nd ed. Chicago: The University of Chicago Press.

LEFTWICH, A. 2007. States of Development: On the Primacy of Politics in Development. Cambridge: Polity Press.

LILES, D.H., JOHNSON, M.E., MEADE, L.M. & UNDERDOWN, D.R. 1995. Enterprise Engineering: A Discipline? Proceedings of the Society for Enterprise Engineering, Orlando, FL. June 1995.

LOW, L. 2004. Developmental States: Relevancy, Redundancy or Reconfiguration. London: Nova Science Publishers.

LYND, R.S. 1939. Knowledge for what? Princeton: Princeton University Press.

LYNN, L.E., HENRICH, C. & HILL, C.J. 2001. *Improving Governance: A New Logic For Empirical Research*. Washington, DC: Georgetown University Press.

MARWALA, T. 2006. Skills necessary for the advancement of South Africa. *Umrabulo*. Vol. 26. pp. 60-61.

- MAYO, E. 1933. *The Human Problems of an Industrial Civilization*. New York: Macmillan
- MBEKI, T. 2004. Address of the President of South Africa to the first joint sitting of the third democratic Parliament, Cape Town, 21 May 2004.
- MCLAUGHLIN, K., OSBORNE, S. & FERLIE, E. (Eds). 2002. *New Public Management: Current trends and future prospects*. London: Routledge.
- MCLENNAN, A. & MUNSLow, B. (Eds). 2009. *The Politics of Service Delivery*. Johannesburg: Wits University Press.
- MILLER, D.Y. & DUNN, W.N. 2006. *A critical theory of new public management*. Unknown: University of Pittsburgh.
- MITCHELL, P. 2010. The Potential of Brick Nations. (In Pete Mitchell Inc.) [Video clip]. <http://petemitchellinc.com/117/bric-nations-by-pete-mitchell/> [Datum van toegang: 13 Maart 2012].
- NALEBUFF, B. & BRANDENBURGER, A.M. 1996. *Co-opetition*. London: Harper Collins Publishers.
- OSBORNE, D. & GAEBLER, T.A. 1992. *Reinventing Government: How the Entrepreneurial Spirit is Transforming the Public Sector*. New York: Addison-Wesley.
- OSBORNE, D. & PLASTRIK, P. 2000. *The Reinventor's Fieldbook: Tools for Transforming Your Government*. San Francisco, CA: Jossey Bass.
- OSBORNE, S. (Ed). 2010. *The New Public Governance*. New York: Routledge.
- OSTROM, E. 1990. *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action*. Cambridge: Cambridge University Press.
- OUWASEJI, O.A. 2009. Democracy and Africa's search for Development. *The Journal of Pan African Studies*. Vol. 3. No. 1. pp. 214-226.
- PERRI, L., SELTZER, D.K. & STOKER, G. 2002. *Towards Holistic Governance: The New Reform Agenda*. Houndmills, UK: Palgrave.
- PETER, A. 2008. Conference on New Public Management and the quality of government. Paper presented on *New Public Management and the Quality of Government: Coping with the New Political Governance in Canada*. SOG and the Quality of Government Institute, Sweden: University of Gothenburg, 13-15 November 2008:14.
- PIERRE, J. (Ed). 2000. *Debating Governance: Authority, Steering and Democracy*. Oxford: Oxford University Press.
- PLUMPTRE, T.W. 1991. *Management in Government*. 5th ed. The Institute for Research on Public Policy: Nova Scotia. pp.30-32.
- POLLITT, C. 1993. *Managerialism and the Public Services: The Anglo-American Experience*. Oxford: Blackwell.
- POLLITT, C. & BOUCKAERT, G. 2004. *Public Management Reform. A Comparative Analysis*. Oxford: Oxford University Press.

RÁKÓCZY, C. 2010. Definition of Social Science. <http://www.yourdictionary.com>. [Datum van toegang: 2 Julie 2012].

RANNEY, A. 1971. *The Governing of Men*. 3rd ed. New York: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

RHODES, R.A.W. 1994. The Hollowing out of the State: The Changing Nature of the State in Britain. *Political Quarterly*. Vol. 65. No. 2. pp. 138-151.

SALVENDY, G. 1982. *Handbook of Industrial Engineering*. New York: John Wiley & Sons.

SHAFRITZ, J.M. & HYDE, A.C. 2007. *The Classics of Public Administration*. 6th ed. Boston: Thompson.

SIMCOX, J.E. 2010. *Primitive civilization or outlines of the history of the ownership in archaic communities*. Cambridge: Cambridge University Press.

SNODGRASS, A. 1987. *An Archaeology of Greece: the present state and future scope of a discipline*. Berkeley, CA: University of California Press.

STOOP, L.C.A. & GRABE, J.J. 1993. Public sector productivity in the RSA: a case of decentralisation. *Journal of Public Administration*. Vol. 28, No. 1, March 1993. pp.23-35.

UNITED NATIONS DEVELOPMENT PROGRAMME (UNDP). 1997. *Reconceptualizing Governance*. Discussion Paper No. 2. New York: UNDP.

UNITED NATIONS DEVELOPMENT PROGRAMME (UNDP). 2003. *Human Development Report 2003: Millennium Development Goals*. New York: Oxford University Press.

UNITED NATIONS. 2001. *World Public Sector Report: Globalization and the State*. United Nations, New York: Department of Economic and Social Affairs.

UNITED NATIONS. 2007. *Public Administration and democratic governance: Governments Serving Citizens*. Publication prepared for the 7th Global Forum on Reinventing Government Building Trust in Government held on 26-29 June 2007, Vienna, Austria. New York: United Nations.

VAN JAARSVELDT, L. & WESSELS, K. 2011. 'n Besinning oor tegnologie in Publieke Administrasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Jaargang 51. No 3. pp. 373-387.

VASOO, S. & LEE, J. 2001. Singapore: Social development, housing and the Central Provident Fund. *International Journal of Social Welfare*. Vol. 10. pp. 276-283.

VIL-NKOMO, S. 1998. Inaugural lecture: meeting the challenges of the new millennium in governance and public sector development. *SAIPA. Journal of Public Administration*. Vol. 33. No. 2. pp.131-1144.

WILSON, W. 1887. The study of administration. *Political Science Quarterly*. Vol. 2. No. 2. pp.197-222.

WORLD BANK. 1992. *World Development Report*. Washington, DC. World Bank.

WORLD ECONOMIC FORUM (WEF). 2005. Full Survey: Trust in Governments, Corporations and Global Institutions Continues to Decline. Geneva, Switzerland: WEF.